

Inleiding

Wanneer u uit 'n pensioen-, uittree-annuïteits- of pensioenbewaringsfonds aftree, bepaal die wet dat u 'n verpligte annuïteit (ook lyfrente genoem) met 'n deel van u aftreevoordeel moet koop. Dit sal u van 'n inkomstestroom gedurende u aftrede voorsien. Lede van voorsorgfondse of voorsorgbewaringsfondse het tans die opsie om 'n annuïteit op 'n vrywillige grondslag te koop. Dit kan egter in die toekoms verander.

By aftrede is u aftreevoordeel 'n vaste bedrag, maar die besluite oor hoe om dit te gebruik, kan verreikende gevolge hê vir u finansiële sekuriteit gedurende aftrede. Waarskynlik die belangrikste besluit is om die regte annuïteitstrategie te bepaal.

Daar is 'n aantal potensiële risiko's vir u inkomste en finansiële sekuriteit na aftrede:

- U of u gade kan dalk langer leef as wat u beleggings en inkomste sal hou.
- U inkomste sal miskien nie met inflasie tred hou nie, wat beteken u lewenstandaard kan daal.
- Negatiewe marktoestande kan 'n invloed op u beleggings en/of inkomste hê.

Nog 'n belangrike aftreebesluit is om te bepaal hoeveel van u aftreevoordeel u in kontant wil neem. Dit sal miskien nie in u beste belang wees om die maksimum kontantvoordeel te neem nie. U moet die volgende oorweeg:

- Die belasting betaalbaar op die kontantbedrag – 'n deel kan belastingvry geneem word, maar die res word op 'n gyskaal belas.
- As u langtermynskuld soos 'n verband het, is dit gewoonlik 'n goeie idee om die skuld te delg.

Wees versigtig om kontant aan luukses te bestee – die geld wat u uitgee, is nog steeds deel van u totale aftreevoorsiening en behoort gebruik te word vir groot en onverwagte uitgawes, en om u inkomste aan te vul indien nodig.

Verstekregulasies

In Augustus 2017 het die Minister van Finansies finale regulasies oor verstekstrategieë uitgereik wat teen 1 Maart 2019 deur alle aftreefondse geïmplementeer moes word. Rade van Trusteas is verantwoordelik daarvoor om by verskillende geleenthede tydens lede se deelname aan 'n aftreefonds verstekstrategieë in werking te stel, indien die lede nie hul eie keuses kan maak nie. Dit sluit 'n Fonds-voorgestelde annuïteitstrategie in om inkomste na aftrede te voorsien.

Die Raad van Trusteas van die Sanlam Linked Retirement Annuity Fund, Central Retirement Annuity Fund, Sanlam Preservation Pension Fund, Sanlam Preservation Provident Fund en Central Provident Fund het verskeie annuïteit-opsies oorweeg, met inagneming van kostedoeltreffendheid, eenvoud en die verskillende risiko's waaraan pensioenarisse tydens aftrede blootgestel is. Gevolglik het die Raad van Trusteas 'n inflasiegekoppelde lewensannuïteit wat vir 10 jaar gewaarborg is, as sy **Fonds-voorgestelde annuïteitstrategie** aanvaar.



Belangrike inligting oor die Fonds-voorgestelde annuïteitstrategie

1. Dit is 'n Sanlam-gewaarborgde lewensannuïteit en sal tot die annuïteittrekker se dood 'n pensioen voorsien.
2. Jaarlikse pensioenverhogings is in ooreenstemming met inflasie.
3. Die pensioenvlak word nie deur gebeure in finansiële markte geraak nie.
4. Die pensioen kan afneem indien daar deflasie is (d.i. 'n negatiewe inflasiekoers van een jaar tot die volgende).
5. Die pensioen word vir 'n tydperk van 10 jaar gewaarborg. By vroeër afsterwe sal u pensioen steeds aan u gekose begunstigdes betaal word tot aan die einde van die eerste 10 jaar.
6. **Dit is nie 'n geskikte pensioenopsie indien u aan 'n ernstige mediese toestand ly nie.**
7. **Dit is nie 'n geskikte opsie as u voorsiening wil maak dat u gade by u afsterwe 'n lewenslange pensioen ontvang nie.**
8. Nadat 'n lewensannuïteit gekoop is, kan dit nie later verander of omgekeer word nie.
9. Die pensioen kan nie later na 'n ander pensioenverskaffer oorgedra word nie.
10. Geen kommissie is op tussengangerdienste betaalbaar nie.
11. Die lewensannuïteitpolis wat met hierdie opsie uitgereik word, word deur die Fonds besit en is aan Fondsreëls onderhewig.

Sien die dokument “Retirement Wake-Up Pack” vir meer inligting oor die verskillende inkomste-opsies by aftrede (ook beskikbaar op die Retirement Fund Bulletin op Sanlam se webwerf).

Die waarde van advies

Die besluite wat by aftrede geneem moet word, is ingewikkeld. Daar is baie inkomste-opsies by aftrede beskikbaar en u besondere aftreebehoefte kan moontlik deur ander inkomste-opsies gedek word. Dit is dus uiters belangrik dat u u opsies baie deeglik oorweeg. Ons wil aanbeveel dat u 'n ervare geregistreerde finansiële adviseur raadpleeg om te verseker dat u besluite neem wat die beste by u spesifieke finansiële situasie pas.